Enige besware teen of vertoe ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die geselekteerde 1 Oktober 2021, skriftelik by die aansoeker en by die Munisipale Bestuurder, Thabazimbi Munisipaliteit by bovermelde adres of by Privaatsak X530, Thabazimbi, 0380, ingedien word.

Adres en kontakbesonderhede van aansoeker:
Ditau Enterprise Group Pty Ltd.
P.O. Box 2362, Hammanskraal, 0400
94 Garnet Way, Pebble Rock Estate, Kameelfontein, 0129
Tel: 083 200 5658, Faks: 086 608 9972
E-pos: frans@ditauent.co.za
Verw. Nr: ATLM064

THABAZIMBI WEDVLUGDUIWE



Thabazimbi – Daar sal altyd vrae op die lippe wees van mense wat duife vlieg. Een van die vrae sal dan ook wees... “Waardeur moet hierdie klein, fenomenale vlieërs werk vanaf loslatingspunt tot by die huis?” Dit was verseker een van die vrae op my lippe met die laaste wedvlug van die 2021 seisoen waar moeë duife met soveel passie oor die landingsbord geland het, tuis na meer as 700km. Baie geluk aan AD Erasmus en Seun en Pieter Ferreira met die laaste wenne van die seisoen en ook dan ‘n groot gelukwensing aan AD Erasmus en Seun wat ter elfder ure naelskraap die titel van Klubkampioen verower het.
Die uitslae is as volg...

HANOVER OPE 1
Aantal duife: 120 | Wenspoed: 943.8595mpm | Afstand: 748.748km

- AD Erasmus en Seun 1|4|5|6|9|13|15|19
- Sakpas Kaste (GvR) 2|10|18|25
- Pieter Ferreira 3|7|11|16|22|23|24
- Johan en Jan Alers 8|17|20|21
- Bok se Hok 12|14

HANOVER OPE 2
Aantal duife: 120 | Wenspoed: 957.0004mpm | Afstand: 748.805km

- Pieter Ferreira 1|5|6|15|17|23|31
- AD Erasmus en Seun 2|3|4|10|11|18|19|24|29
- Sakpas Kaste (GvR) 7|8|13|16|20|22|27|28
- Aziscore (SB) 9
- Bok se Hok 12
- Johan en Jan Alers 14|21|25|26|30

KLUB KAMPIOENNE

1. AD Erasmus en Seun 1818	6. Bok se Hok 1477
2. Pieter Ferreira 1816	7. PMD Loft 800
3. Sakpas Kaste (GvR) 1751	8. Herman Hokke 768
4. Aziscore (SB) 1563	9. Pieter Putter 392
5. Johan en Jan Alers 1556	10. Robert Van Veen 144

THABAZIMBI LAND USE SCHEME, 2014 THABAZIMBI AMENDMENT SCHEME 058

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE THABAZIMBI LAND USE SCHEME, 2014 IN TERMS OF SECTION 16(1) OF THE THABAZIMBI LAND USE MANAGEMENT BY-LAW, 2015, READ TOGETHER WITH THE RELEVANT PROVISIONS OF THE SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT ACT, 2013 (ACT 16 OF 2013) AND REGULATIONS AS PROMULGATED.

I, Izel van Rooy from the firm Plan Wize Town and Regional Planners, being the authorized agent of the owners of Erf 1773 and Erf 1774, Northam Extension 6 hereby give notice in terms of Section 16(1) of the Thabazimbi Land Use Management By-Law, 2015, read together with the relevant provisions of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) and Regulations as promulgated that I have applied to the Thabazimbi Municipality for the amendment of the Thabazimbi Land Use Scheme, 2014, by the rezoning of the properties as described above, from “Residential 1” to “Business 1”.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Manager: Planning and Economic Development, Thabazimbi Municipality, 7 Rietbok Street, Thabazimbi for a period of 30 days from 24 September 2021.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Manager: Planning and Economic Development, Thabazimbi Municipality, at the above-mentioned address or at Private Bag X530, Thabazimbi, 0380 within a period of 30 days from 24 September 2021.

ADDRESS OF AGENT: PLAN WIZE TOWN AND REGIONAL PLANNERS, P.O. BOX 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 082 449 7626 [REF. NO. T0631]

THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 THABAZIMBI WYSIGINGSKEMA 058

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR WYSIGING VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 INGEVOLGE ARTIKEL 16(1) VAN DIE THABAZIMBI BYWET OP GRONDGEBRUIKBESTUUR, 2015 SAAMGELEES MET DIE RELEVANTE BEPALINGS VAN DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR, 2013 (WET 16 VAN 2013) (SPLUMA) EN REGULASIES SOOS GEPROMULGEER.

Ek, Izel van Rooy van die firma Plan Wize Stads-en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Erf 1773 en Erf 1774, Northam Uitbreiding 6 gee hiermee ingevolge Artikel 16(1) van die Thabazimbi Bywet op Grondgebruikbestuur, 2015 saamgelees met die relevante bepalinge van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA) en Regulasies soos gepromulgeer kennis dat ek aansoek gedoen het by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die wysiging van die Thabazimbi Grondgebruikskema, 2014, deur die hersonering van die eiendom soos hierbo beskryf van “Residensieël 1” na “Besigheid 1”.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, 7 Rietbokstraat, Thabazimbi vir ‘n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne ‘n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021 skriftelik by of tot die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, by bovermelde adres of by Privaat Sak X530, Thabazimbi, 0380 ingedien of gerig word.

ADRES VAN AGENT: PLAN WIZE STADS- EN STREEKBEPLANNERS, POSBUS 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 082 449 7626 [VERW. NO. T0631]

Charity begins at home

Northam – A group of Grade 10 learners at Northam Comprehensive School have started a project to raise funds for less fortunate friends at school. With the funds, they will purchase sanitary towels, uniforms and clothes. “We are grateful to Sanlam, who donated three boxes of sanitary towels,” learner support agent Tebogo Mothibi said.
For more information contact Tebogo Mothibi on 079 841 8415.



THABAZIMBI LAND USE SCHEME, 2014 THABAZIMBI AMENDMENT SCHEME 065

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE THABAZIMBI LAND USE SCHEME, 2014 IN TERMS OF SECTION 16(1) OF THE THABAZIMBI LAND USE MANAGEMENT BY-LAW, 2015, AND REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS IN TERMS OF SECTION 16(2) OF THE THABAZIMBI LAND USE MANAGEMENT BY-LAW, 2015.

I, Izel van Rooy from the firm Plan Wize Town and Regional Planners, being the authorized agent of the owner of Portion 11 of the farm Doornhoek, 318-KQ Limpopo hereby give notice in terms of Section 16(1) of the Thabazimbi Land Use Management By-Law, 2015, read together with the relevant provisions of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) and Regulations as promulgated that I have applied to the Thabazimbi Municipality for the amendment of the Thabazimbi Land Use Scheme, 2014, by the rezoning of the property as described above, from “Agricultural” to “Special” for a Private Resort and ancillary facilities, including a “Social Hall” for wedding- and other functions and a secondary workshop for maintenance purposes. All uses allowed per the “Agricultural” zoning will be retained in the Annexure to this Scheme.

Additionally application is also made in terms of Section 16(2) of the Thabazimbi Land Use Management By-Law, 2015 read with Section 41(1) and Section 47(1) of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) (SPLUMA) to the Thabazimbi Municipality for the removal of restrictive conditions as contained in the Title Deed T3285/2021 of the property, to enable the use of the property for Private Resort and ancillary uses as stipulated above.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Manager: Planning and Economic Development, Thabazimbi Municipality, 7 Rietbok Street, Thabazimbi for a period of 30 days from 24 September 2021.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Manager: Planning and Economic Development, Thabazimbi Municipality, at the above-mentioned address or at Private Bag X530, Thabazimbi, 0380 within a period of 30 days from 24 September 2021.

ADDRESS OF AGENT: PLAN WIZE TOWN AND REGIONAL PLANNERS, P.O. BOX 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 082 449 7626 [REF. NO. T0644]

THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 THABAZIMBI WYSIGINGSKEMA 065

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR WYSIGING VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 INGEVOLGE ARTIKEL 16(1) VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015 ASOOK DIE ARTIKEL 16(2) VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015.

Ek, Izel van Rooy van die firma Plan Wize Stads-en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 11 van die plaas Doornhoek, 318-KQ Limpopo gee hiermee ingevolge Artikel 16(1) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 saamgelees met die relevante bepalinge van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA) en Regulasies soos gepromulgeer kennis dat ek aansoek gedoen het by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die wysiging van die Thabazimbi Grondgebruikskema, 2014, deur die hersonering van die eiendom soos hierbo beskryf van “Landbou” na “Spesiaal” vir ‘n Privaatoord en aanverwante fasiliteite, ingesluit ‘n “Gemeenskapsaal” vir trou- en ander funksies en ‘n sekondêre werkswinkel vir onderhoudsdoeleindes. Alle gebruike soos toegelaat onder die “Landbou” sonering sal behou word in die Bylaag tot die Skema.

Bykomend hiertoe word aansoek ook gedoen ingevolge Artikel 16(2) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 saamgelees met Artikel 41(1) en Artikel 47(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA), by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die opheffing van beperkende voorwaardes in die Titellakte T3285/2021 van die eiendom ten einde die gebruik van die eiendom vir Privaatoord en aanverwante gebruike soos bo vermeld, toe te laat.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, 7 Rietbokstraat, Thabazimbi vir ‘n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne ‘n tydperk van 30 dae vanaf 24 September 2021 skriftelik by of tot die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, by bovermelde adres of by Privaat Sak X530, Thabazimbi, 0380 ingedien of gerig word.

ADRES VAN AGENT: PLAN WIZE STADS- EN STREEKBEPLANNERS, POSBUS 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 082 449 7626 [VERW. NO. T0644]

KENNISGEWING

KROKODILRIVIER-WES BESPROEINGSDISTRIK

Die Kieserslys vir Krokodilrivier-Wes Besproeiingsdistrik, distrikte Brits (Noordwes Provinsie), en Thabazimbi (Limpopo Provinsie), soos opgestel deur die Voorsitter van Krokodilrivier-Wes Besproeiingsraad ingevolge Artikel 83 van die Waterwet 1956 (Wet 54 van 1956) lê ter insae in die kantoor van die Hoofbestuurder te Koedoeskop.

Nominasie vergadering vir die verkiesing van lede vind op **21 Oktober 2021 om 13:00 by Koedoeskop Boereverenigingsaal plaas.**

Meneer H. Pretorius, Gebiedsbestuurder, Hartbeespoort, is ingevolge Artikel 84 van genoemde Wet aangestel as Kiesbeampte vir die verkiesing van die lede vir Krokodilrivier-Wes Besproeiingsdistrik.

Indien meer nominasies ontvang word as waarvoor daar vakatures is, sal ‘n verkiesing dadelik gehou word.

Persone wie se name op die Kieserslys voorkom, is geregtig om slegs persoonlik te stem en verteenwoordigers van geregistreerde maatskappye en beslote korporasies moet bewys lewer dat hulle gemagtig is om sodanige maatskappy of beslote korporasie te verteenwoordig.

Vir elke vyf hektaar ingelyste oppervlakte, of gedeelte daarvan, het ‘n kieser een(1) stem, met ‘n maksimum van tien(10) stemme.

In gevalle waar eienaars gesamentlike stemreg het en vir minder as vyf hektaar ingelys is, moet hulle een uit hulle hulle skriftelik aanwys om namens hulle te stem.

Die kieserslys sal hersien word voordat nominasies geskied.

NOTICE

CROCODILE RIVER-WEST IRRIGATION DISTRICT

The Voter’s Roll for the Crocodile River-West Irrigation District, the districts of Brits (North West Province) and Thabazimbi (Limpopo Province) as compiled by the Chairman of the Crocodile River-West Irrigation Board in terms of Section 83 of the Water Act of 1956 (Act number 54 of 1956) is open for inspection at the office of the Manager at Koedoeskop.

Nomination meeting for the election of members will be held on the **21 October 2021 at 13:00, in the Koedoeskop Farmers Association’s Hall.**

Mr. H. Pretorius Area Manager, Hartbeespoort, is in terms of Section 84 of the Water Act (Act number 54 of 1956), appointed as Electoral Officer for the election of members for the Crocodile River-West Irrigation District.

Should more nominations than the existing vacancies be received, it will be necessary to hold an election immediately.

Persons whose names appear on the Voter’s Roll, are in person entitled to vote; representatives of registered companies and Closed Corporations must prove that they have been assigned to represent the registered company or Closed Corporation. For every five (5) hectares area, or part thereof, a voter is entitled to a single (one) vote with a maximum of ten(10) votes.

Where owners jointly have a right to vote, and are scheduled for less than five(5) hectares, one must be assigned in writing by the other to vote on their behalf.

The Voter’s Roll will be reviewed before the nominations are made.

WE



KN&CK
DROP
FLYERS AND
PAMPHLETS

ads2@platinumbushvelder.co.za
081 389 2846
072 026 0414

FREE

PLATINUM

BUSHVELDER



Have your say / Sê jou sê

Do you have any hobbies that you actively pursue?

With the busy lives we lead, having a hobby and the free time to pursue it, is not always possible.



Yes, I like to read and to watch movies, so I always try to make time for that.
Joyce Motlhatsang



Yes, because I like working with my hands and making stuff, I do steelwork when I have a bit of spare time.
Willem Modillane

PUBLIC POLL: THE RESULTS ARE IN!

Do you have any hobbies that you actively pursue?

NO 32% YES 68%

POLL

Do you spend more than 2 hours a day on social media?

Apps like Facebook, Twitter, Instagram, YouTube, WhatsApp and Facebook are commonly referred to as social media. According to a study by Statista Research Department published on 7 September 2021, the average daily social media usage of internet users worldwide in 2019 and 2020 amounted to 145 minutes per day, up from 142 minutes in the previous year...
Make yourself heard by sending an email to news@platinumbushvelder.co.za or a WhatsApp to 081 579 7000 with the following information before 17:00 on Tuesday 5 October:
• Yes, I spend more than 2 hours a day on social media, or,
• No, I don't spend more than 2 hours a day on social media.
• The reason for your answer.
• A recent photo of yourself (optional) – that we can publish with your answer.
• Your contact details.
If you don't want your answers to be in the newspaper, just reply to the question: YES/ NO.
The results of the votes will be published in our next issue.
PS – You can also give your opinion by commenting on our Facebook post.






Stuur jou event na news@platinumbushvelder.co.za ** Gratis Plasing!

PLATINUM DAGBOEK

... Om jou te herinner van komende gebeure...

FUNKSIE	DATUM	LOKAAL	KONTAK
Pondok Sterling Silver uitstalling	1 Oct '21	Thabazimbi: Pondok	079-695-8272
Wildsveiling	2 Oct '21	Thabazimbi: Skougronde	076-101-9996
Pondok Markdag	6 Oct '21	Thabazimbi: Pondok	082-652-7146
Wildsveiling	6 Oct '21	Thabazimbi: Skougronde	076-101-9996
Ouma en Oupa Dag	8 Oct '21	Northam: Smartbrain Kidz	084-582-6825
Wi5 Liefdadigheids Gholfdag	9 Oct '21	Thabazimbi: Gholfklub	082-593-7084
Snake Identification	12 Oct '21	Vaalwater: Waterberg Living Museum	078-187-7782
HFM Modeparade	12 Oct '21	Thabazimbi: HFM Saal	082-593-7084
HFM Braaidag	23 Oct '21	Thabazimbi: Pick a Pay Arena	078-190-5430



YOUR FRIDAY
FUN FACT

Did you know?

The cornea is the clear outer layer at the front of the eye and is the only part of a human body that has no blood supply; it gets oxygen directly through the air.





WEATHER REPORT LIMPOPO
THABAZIMBI

Friday	01	OCT	2021	29°C - 18°C	Rainfall probability 10% Sunrise 05:52 Sunset 18:09
Saturday	02	OCT	2021	31°C - 14°C	
Sunday	03	OCT	2021	31°C - 12°C	
Monday	04	OCT	2021	27°C - 12°C	
Tuesday	05	OCT	2021	27°C - 12°C	

At time of print

FINANCIAL INDICATORS

ZAR/USD	15.09
Rand/Pound	17.57
Rand/Euro	20.31
Rand/Aus Dollar	10.87
Dollar/Pound	1.35
Pound/Euro	1.16
Gold	1 737.12
Platinum	964.75
Palladium	1 893.25

At time of print


WE KNOCK AND
DROP FLYERS AND
PAMPHLETS

CALL
072 026 0414

SOULFOOD

PSALM 37 VERSE 1-13

¹Do not fret because of evildoers, Nor be envious of the workers of iniquity. ²For they shall soon be cut down like the grass, And wither as the green herb. ³Trust in the Lord, and do good; Dwell in the land, and feed on His faithfulness. ⁴Delight yourself also in the Lord, And He shall give you the desires of your heart. ⁵Commit your way to the Lord, Trust also in Him, And He shall bring it to pass. ⁶He shall bring forth your righteousness as the light, And your justice as the noonday. ⁷Rest in the Lord, and wait patiently for Him; Do not fret because of him who prospers in his way, Because of the man who brings wicked schemes to pass. ⁸Cease from anger, and forsake wrath; Do not fret—it only causes harm. ⁹For evildoers shall be cut off; But those who wait on the Lord, They shall inherit the earth. ¹⁰For yet a little while and the wicked shall be no more; Indeed, you will look carefully for his place, But it shall be no more. ¹¹But the meek shall inherit the earth, And shall delight themselves in the abundance of peace. ¹²The wicked plots against the just, And gnashes at him with his teeth. ¹³The Lord laughs at him, For He sees that his day is coming.



NEW KING JAMES VERSION (NKJV)

SUDOKU

		4	1		2			3	7			5				4	2
1	8							4		8			9	4		7	
			4	3		8				2		7			5		
4					8			1	8					6			1
					1	5			5				8			2	9
5		1	9							9	6		5	7			
	4	2			6	1									2	6	7
		5	8			9	3		7						4		
	6			5			8				4	6		2			



Laerskool Thabazimbi se revue groep het hard gewerk aan die musiekvideo saam met Joshua na die Reën.

NUWE HOOP SPRUIT!

Thabazimbi – Met groot afwagting sien Laerskool Thabazimbi uit na die vrystelling van die musiekvideo wat hul opgeneem het saam met Joshua na die Reën. Die groep werk reeds vanaf Maartmaand baie hard aan die sang- en instrumentale afdeling van die lied asook die choreografie. Thabazimbi se eie diva – Nelré Benadé – het die soliste se sangafrigting behartig en uitsonderlike klanke opgetower! Covid-19 het sy kloue diep in Thabazimbi se gemeenskap ingeslaan en met Joshua na die Reën se lied *Lig op die Horison*, wil hul die boodskap van nuwe hoop ver en wyd laat uitkring!

“Dit was ‘n reuse voorreg en hoogtepunt om saam met so ‘n nederige, talentvolle en inspirerende kunstenaar soos Joshua na die Reën te kon werk!” Die musiekvideo word in die laaste deel van Oktober vrygestel op RAINDUST, ‘n platform wat geskep is vir Suid-Afrikaanse kunstenaars. Kaartjies sal binnekort op die platform te koop wees om die video-vrystelling aanlyn by te woon. Laerskool Thabazimbi se weergawe van Lig op die Horison saam met Joshua na die Reën sal daarna ook beskikbaar wees op Apple Music en iTunes en die musiekvideo sal dan ook op ander sosiale media platforms beskikbaar gestel word.

HFM krieketmeisies tops!

Thabazimbi – Die Hoërskool Frikkie Meyer (HFM) dogterskrieketspan het Ben Viljoen ore aangesit op 22 September. HFM kolf eerste en maak 166/6 in 20 beurte. Charne van der Berg kolf 69 n.u.n. en Abigail

Visser kolf 24 en Leili Steenkamp 22. Ben Viljoen kry 112/7 in hul 20 beurte. Charne verower twee paaltjies vir vier lopies in haar vier beurte en die span se veldwerk was puik!



HFM se dogterskrieketspan

Nieu-Seeland vs Suid-Afrika



In Townsville, Australië, word ‘n riller deur nagenoeg 30,000 toeskouers aanskou ou groene. Die ref van die dag, Luke Pearce, het senuwees van staal getoon en nie die hasepad gekies nie. Die mannetjie het uitgehaal en gewys en het die toets baie goed beheer. Hierdie toets was brutaal en genadeloos. Verwoede duikslae is tot in die pawiljoene gehoor, bloed het gevloei en daar was duidelik nie plek vir sissies nie! Die honderdste toets tussen hierdie twee swaargewigte is uiteindelik deur die All Blacks gewen. Die Nieu-Seelanders is ook dan die 2021 kampioene en verower die Freedom Cup. Die telling van 19-17 in die Kiwi's se guns vertel die verhaal. Jordie Barrett het in die 77ste minuut komkommerkoel ‘n moeilike strafdoel oorgeklits met ‘n persoonlike bydrae van veertien punte. Die All Blacks se enigste drie van die toets is na net twee minute na die afskop deur die spoedvraat Will Jordan gedruk. Dit was ook Jordan se eerste keer om teen die Bokke uit te draf. Die Bokke het ook net een drie gedruk na ‘n allemintige blaps van die linkervleuel George Bridge wat vir Sbu Nkosi die geleentheid gegee het om oor te duik. Handrè Pollard was vir die ander twaalf punte verantwoordelik met vier strafdoele. Die Bokke het vriend en vyand verras en het vir ‘n verandering weer opgedaag vir ‘n toets ou grote. Baie beter gespeel as die vorige Saterdag se skokkende neerlaag teen die Aussies... Onsienlike, aaklige en amateuragtige skopwerk deur die Bokke se skakelpaar en lakse verdediging was hulle ondergang. Die Bokke sal nie weer maklik so ‘n kans kry om die Kiwi's te troef nie. Die Kiwi's het ‘n duidelike afdag gehad. Ja, die Bokke het hulle onder groot druk geplaas en dalk die onkantlyn fyn gesny en in die gesigte van die All Blacks geboer. Die Nieu-Seelanders hou daarvan om bal in hand te hou maar was op die dag nie op hulle beste nie.

Die Bokke het baie goed geskrum en in hierdie afdeling beter as die Kiwi's. Sels ‘n paar balle in die lynstane gegaps, baie omgekeerde besit verkry danksy Kwagga en Siya Kolisi. Van Siya gepraat... Die Bokke het sy beste game in twee jaar gehad en het van voor af gele. Die sondaars in die Bokspan was die agterspelers ou grote. Dit is tyd dat daar gekyk word na die 2023 Wêreld Beker toernooi en nuwe jong talent losgelaat moet word. Die amptelike verklaring deur skopkoning Faf en kie is dat hulle nie sal ophou skop nie en by hulle spelpatroon sal bly, of liever eerder hulle skoppatroon. Die All Blacks coach Ian Foster het aangekondig dat Richie Mo'ungaop losskakel gaan diens doen... Maar een ding is verseker, Forster en kie sal nie weer sonder ‘n erkende agsteman opdaag nie. Die Bokke se coaches het net drie veranderinge aangebring. Met die besering van Frans Malherbe skuif Trevor Nyakane van losskop oor na vasskop met Ox Nché dan op losskop. Jasper Wiese keer terug na die bank in die plek van die beseerde Marco van Staden. Die ref vir hierdie toets is Matthew Carley van Engeland. Die toets skop Saterdag om 12:05 af in die Gold Coast, Australië.

Australië vs Argentinië

Die Wallabies het voortgebou op hul puik vertoning van die vorige week teen die Bokke, en klop die Pumas gemaklik 27-8. Michael Hooper en sy troepe speel met baie selfvertroue en die Pumas kan in die volgende kragmeting dalk ‘n groter pak slae op die lyf loop as hulle nie met ‘n ander game plan opdaag nie. Die Aussies het met hierdie oorwinning dan nou in die tweede plek op die punte tabel geskuif. Die Aussies en die Pumas draf Saterdag om 09:05 uit ook in die Goue Kus.

Punte tabel:

Nieu-Seeland	24	Suid-Afrika	11
Australië	13	Argentinië	0

Nag ou groene...

United Rugby Championship

O aarde ou grote! Die Suid-Afrikaanse spanne kom met die harde werklikheid van ruggas in die Noordelike Halfrond terug aarde toe na die eerste rondte van die URC. Die enigste liggie in die donker tunnel was die Leeus wat hulle eerste game kon wen. Ons land se ruggas is nie op ‘n goeie plek nie maters. Ons Curriebeker reeks is dalk die oudste kompetisie in rugby, maar duidelik nie meer op standaard nie... Die tempo wat die Noordelike spelers opdis, is verbysterend. Ter versagting kan die reis soontoe en terug aanpassings genoem word. Die Bulle en die Stormers moet nie alleen voel nie. Die Haaie is egter duidelik ver agter en sal vinnig hul vinne in ‘n ry moet kry om saam met die groot honde te kan blaf. Die Leeus sal ook vinnig moet leer om nie ‘n telling te verdedig nie, 35-0 voor met rustyd en wen 38-26.



Uitslae:

- Zebre 26 - 38 Lions
- Ulster 35 - 29 Glasgow Warriors
- Cardiff 33 - 21 Connacht
- Benetton 22 - 18 Stormers
- Edinburgh 26 - 22 Scarlets
- Leinster 31 - 3 Bulls
- Munster 42 - 17 Sharks
- Dragons 23 - 27 Ospreys

Bepalings Week 2:

Vrydag 1 Oktober

- 20:38 - Scarlets vs Lions
- 20:35 - Connacht vs Bulls

Saterdag 2 Oktober

- 14:00 - Benetton vs Edinburgh
- 16:00 - Glasgow Warriors vs Sharks
- 18:15 - Zebre vs Ulster
- 20:35 - Munster vs Stormers
- 20:35 - Ospreys vs Cardiff

Sondag 3 Oktober

- 15:00 - Dragons vs Leinster

Manne en manninne, braai en lawaai. Gaan groot, maar met matigheid!

Op ‘n hartseer noot wil ons hulde bring aan Oom Bushy Oliver (88) wat oorlede is. Oom Bushy was Mnr Griekwas en sy afsterwe gaan

‘n groot leemte los in die gees van die Griekwas. Kimberley se rugbyvlae hang halfmas. Rus in vrede oom Bushy. Jou teenwoordigheid langs die veld gaan gemis word.

Nag ou grote...